
**ASSOSIASE VIR BYBELSE BERADING EN OPLEIDING**

# BYBELSE BERADING

*Kursus 1*

# SEMESTER 1

# INLEIDING



# <u>BYBELSE BERADING: ‘N MODEL</u>

## <u>INHOUD</u>


1. **ORIËNTERING**
2. **STUDIEMATERIAAL**
3. **UITGANGSPUNTE IN BYBELSE BEGELEIDING VAN MENSE**
4. **BERADINGSBEGINSELS**




© ASSOSIASIE VIR BYBELSE BERADING EN OPLEIDING

## 1. ORIËNTERING

Die doel van die studiegids is om jou studie te vergemaklik deur:

- 'n tydskedule te verskaf sodat jy die studie sistematies kan aanpak;
- die hoofmomente uit te lig;
- die opdragte duidelik te maak;
- leeruitkomste aan te dui.

‘n Beginsel wat deurlopend ter sprake is, is dat ‘n mens self eers beraad moet word alvorens jy iemand anders kan beraad. Gebruik die leerstof daarom in die eerste plek met die oog op persoonlike verryking en verdieping. Sodoende kan die Heilige Gees jou op ‘n unieke en kragtige wyse gebruik om in die lewens van ander mense in te bou.

Die aanbieders en oudstudente kan getuig dat die voorgestelde Bybelse model van berading ‘n kragtige instrument is waardeur die Heilige Gees die lewens van talle mense ingrypend en deurslaggewend verander het. Ons verneem graag van jou in hierdie verband.

Ons moedig jou aan om die Bybelse beginsels van die beradingsmodel jou eie te maak:

- Verstaan die beginsels deur dit met jou eie lewe en die lewe in die algemeen in verband te bring.
- Ken die beginsels deur hulle te memoriseer.
- Pas die beginsels toe in bekende en “vreemde” situasies – waag met ander woorde om die beginsels op alle lewensterreine toe te pas.
- Beleef / ervaar die beginsels deur daarvan bewus te wees – deur “awareness”.

Die opdragte wat deurlopend gegee word, hou die Bybelse beginsels van berading in gedagte.


© ASSOSIASIE VIR BYBELSE BERADING EN OPLEIDING

Daar moet duidelik onderskei word tussen ‘n beginsel en ’n vaste reël / voorskrif / resep. ‘n Beginsel is afgelei van God se liefdeswet / sy wil (Tien Gebooie). Kom ons gebruik ’n voorbeeld: Respek is ’n beginsel wat afgelei is uit die Sesde Gebod: „Jy mag nie moord pleeg nie“ (Eksodus 20:13) en moet altyd gehoorsaam word. Die berader moet altyd respek betoon teenoor die beradene. Die kursus wil graag sulke Bybelse beradingsbeginsels ontgin. Die beginsel van respek moet uniek en dinamies onder leiding van die Heilige Gees in elke situasie toegepas word. Soms sal respek beteken dat die berader luister, en soms beteken dit dat die berader sal praat. Die bedoeling van die kursus is nie om beradingsreëls te gee wat soos onveranderlike voorskrifte of resepte toegepas moet word nie. Laasgenoemde benadering hou nie rekening met die kompleksiteit van die lewe en die dinamies kreatiewe werking van die Heilige Gees nie.

In Bybelse beraad word mense binne die raamwerk van steutelbeginsels begelei tot hartvlak / wortelvlak-verandering asook vrugtevlak-verandering. Op hierdie wyse realiseer die Heilige Gees die oorvloedige lewe wat Jesus vir ons verwerf het.

Vervolgens bied ons inligting aan jou oor die studiemateriaal, ‘n tydskedule, leeruitkomste en studieriglyne.

## 2. STUDIEMATERIAAL

Die **Bybel** is die primêre bron vir hierdie kursus. Die Bybel is die bron en norm vir lewensverandering en berading. In die studiegids word verwag dat sekere boeke aangekoop word, terwyl ander boeke addisioneel aanbeveel word. Die boeke verskaf bykomende perspektiewe op die studiemateriaal.

Ons wil spesiale vermelding maak van die "Christian Counseling and Educational Foundation" in Philadelphia (VSA) wat reeds met die navorsing van J E Adams in die sestigerjare begin het om die pad terug na die Skrif aan te dui vir berading. Die CCEF het steeds gegroei en die meeste van die skrywers kon hulle studies onder


© ASSOSIASIE VIR BYBELSE BERADING EN OPLEIDING

hierdie wyse manne voltooi. Ons dank gaan aan hulle wat seminare saam met **ABBO** in Suid-Afrika aangebied het. (www.ccef.org)

Neem die vrymoedigheid om aan ons te skryf indien daar studiebehoeftes is wat nie aangespreek word nie. Die bedoeling is om die studiegids so te ontwikkel dat dit studente in staat sal stel om maksimale nut uit die studie te verkry.

## 3. UITGANGSPUNTE IN BYBELSE BEGELEIDING VAN MENSE

### 3.1 Inleiding

Kyk ons helderder na die lewe deur God se oë en leer ons onsself werklik ken dan besef ons dat die Bybel gaan oor berading: ons vind diagnostiese kategorië, spontane beskrywings van gedrag en emosies, verklaring van eksterne lyding en invloede, definisies van werkbare oplossings, die karakter van die berader, uitkomste vir die beradingsproses, professionele strukture vir berading en kritiek op kompeterende modelle. God praat dikwels en baie direk hieroor. Hy roep ons om aandagtig te luister, hard en duidelik hieroor te dink en betrokke te raak in die harde werk om ons een-tot-een-gesels-bediening, te ontwikkel.

Om dit te doen moet ons die volgende weet:

- ♦ **Die werklikheid van ons gevalle toestand as mense**
- ♦ **Die heerlikheid en goedheid wat ons Vader ons in Christus gegee het**
- ♦ **Die gelooflike wysheid van die Woord van God**
- ♦ **Ons roeping as kinders van so ‘n Vader!**

Jesus kondig sy Koninkryk aan met die woorde: “Bekeer julle”, dit beteken “verander”. Sy genade en waarheid gaan oor die proses om ons te verander. Ons roeping is om te verander en die wêreld te verander. Ons hardloop ‘n wedloop van bekering en vernuwing! Jesus wil ons leer om dissipels (leerders, studente, veranderaars) te wees sodat ons sy instrumente kan wees in die lewe van ander.

“Nee, ons sal in liefde by die waarheid bly en so in alle opsigte groei na Christus toe.”

God se manier is kwalitatief verskillend van enigiets anders in die inkopiesentrum van opsies in berading skemas, praktyke en sisteme!


© ASSOSIASIE VIR BYBELSE BERADING EN OPLEIDING

### 3.2 Beginsels vir ‘n Beradingsteologie

#### 3.2.1 Ware kennis van die mens.

Die Bybel is God se selfopenbaring in verhouding met Sy skepping (skepsels) en verklaar daarom duidelik mense en hulle situasies.

*Geen ander bron kan gesagvol hierin wees nie.*

Wyse berading vereis praktiese arbeid om die Skrif, mense en situasies te verstaan. Ons moet daagliks groei in ons eie karakter, wysheid in die verstaan van mense, pastorale bevoegdheid en institusionele strukture.

*Die Bybel is nie ‘n handboek oor mense probleme nie.*

#### 3.2.2 Die gegewe van die menslike toestand en die skopus van die Bybelse waarheid.

Die mens is afhanklik van en verantwoordelik tot God geskape.

*Geen ander vorm van outonomie neem ons afhankliheid weg nie. Geen vorm van determinisme neutraliseer ons verantwoordelikheid aan God nie.*

Die kern vir menslike funksionering is geloof wat deur liefde werk (Gal 5: 6). **Liefde vir God en naaste is die standaard** waarvolgens ons kan verstaan wat verkeerd is met die mens. Dit is die doel (standaard) vir berading.

*Geen ander standaard of doel is waarheid nie.*

Kwaad wat deur ons gedoen word of met ons gebeur, is die fundamentele probleem in die menslike lewe. Ons eie sonde in al sy fasette en dimensies is primer en selfgenererend. Ons omstandighede (wat met ons gebeur), verskaf beide ‘n provokatiewe konteks (beproewings en versoekings), en regverdige konsekwensies (maai wat jy saai) vir ons reaksies. **Ons omstandighede bepaal egter nie die kwaliteit van ons reaksie nie.**

*Geen ander diagnostiese sisteem is geldig of diepgaande genoeg nie.*
*Natuur / Opvoeding bepaal nie die kwaliteit van ons reaksie nie.*

Die Bybel definieer die lewensprobleme van mense in alle omstandighede.

*Bybelse waarheid is nie beperk tot ‘n eng religieuse en geestelike sfeer nie.*


© ASSOSIASIE VIR BYBELSE BERADING EN OPLEIDING

### 3.3 Die oplossing vir die sonde en ellende van die menslike toestand.

**God tree persoonlik op in Jesus Christus.** Hy verlos ons deur sy genade in die verlede, hede en toekoms. Hy gebruik baie middele waaronder ook berading.

*Geen ander terapie kan siele verander van onheilig na heilig, van sondaars tot regverdiges, van blindheid na sienende, van selfgerigtheid na geloof wat deur liefde werk, van dwaasheid na wysheid nie.*

*Geen berading sonder Christus (psigologies, filosofies, religieus) is waar of goed nie.*

God se algemene genade bring baie seëninge na mense, soos mediese behandeling, ekonomiese hulp, politieke regverdigheid, beskerming vir die swakkes, opvoeding ens.

*Hierdie gawes kan egter nie die menslike innerlike kwaad (sondigheid) genees nie.*

### 3.4 Die aard en middele van verandering

**Die proses in berading moet die wees van bekering gevolg deur lewenslange progressiewe heiligmaking in enige lewensomstandigheid.** Ons motiewe, denkprosesse, aksies, woorde, emosies, houdings, waardes moet toenemend Jesus Christus beeld deur bewuste en sigbare liefde vir God en ander mense.

*Daar is geen metode vir onmiddelike en volledige volmaaktheid gelyk aan die beeld van Jesus nie. Die groeiproses hou aan tot ons Hom van aangesig tot aangesig sal sien.*

*Die sogenaamde prosesse van "selfaktualisering, selfvervullling, genesing van herinneringe (healing of memories), vervulling van psigologiese behoeftes, bou van selfesteem, ens. beskryf nie wettige uitkomste vir berading nie. Ons mag wel daarin analogieë van Bybelse wysheid vind.*

### 3.5 Die sosiale konteks en skopus van 'n beradingbediening.

Die Gees en Woord van God het die kerk van Jesus Christus geskep en daarom moet die liggaam van Christus persoonlike en sosiale ruimte skep om die "waarheid in liefde te praat".


© ASSOSIASIE VIR BYBELSE BERADING EN OPLEIDING

*Die gesondheidsprofessies en hulle institusies het nie die reg om enige sektor van lewensprobleme op te eis as hulle alleenreg nie, selfs mense met breindisfunksie het godgerigte begeleiding en genade nodig.*

Beradingsbediening se inhoud, middele en uitkomste is dieselfde as openbare bediening (prediking, lering), die geestelike dissiplines en barmhartigheidsbedienings. Hierdie is verskillende aspekte van die verlossende werk van Christus.

*Die persone en probleme wat tipeer word as "psigiater" of "terapeut" en "psigoterapie" val binne die skopus van die bediening van Christus in woord en daad.*

Die primêre en volste uitdrukking van die beradingsbediening vind plaas in die plaaslike kerkgemeenskap waar herders mense versorg en toerusting bied vir verskillende bedienings.

*Die gesondheidsisteem en institusies kan nie 'n normatiewe en geskikte ruimte bied vir beradingbediening nie.*

Die huidige vorme van kerklike lewe en konsepte van die pastorale rol is nie noodwendig genoegsaam en normatief om beraders vir 'n effektiewe beradingsbediening op te lei, te voorsien en toesig te verskaf nie. Reformasie, ontwikkeling en innovasie is nodig.

*Parakerklike en samewerkende vorme van beradingsbedieninge in die liggaam van Christus is nodig en nie inherent verkeerd nie.*

**3.6 God se voorsiening en die interaksie tussen sy algemene genade en die intellektueel-praktiese gevolge van sonde.**

Die Bybel leer dat ons baie kan leer by nie-gelowiges – ander professies en dissiplines kan bydra tot ons kennis van mense en hoe om hulle te help. God se algemene genade kan tot gevolg hê dat ongelowiges oplettend en stimulerend is, en aan ons inligting kan gee, en boonop diep kan omgee.

*Hierdie sekulêre dissiplines kan egter nie aan ons 'n sisteem gee waarvolgens ons ander met wysheid kan beraad nie.*


© ASSOSIASIE VIR BYBELSE BERADING EN OPLEIDING

‘n Verbintenis tot ‘n sekulêre dissipline teenoor onderwerping aan Christus se denke, sal distorsie tot gevolg hê juis in dit waarvoor die meeste omgegee word, naamlik die berading van mense.

*Persoonlikheidsteorieë is in werklikheid ‘n (valse) teologie en psigoterapieë (valse) vorme van pastorale sorg vir siele. Hierdie teorieë moet herinterpreteer word deur ‘n bybelse model. Hierdie teorieë is nie “objektiewe wetenskap” nie. Dit is ook nie uitbreidings op die mediese wetenskap en praktyke nie.*

### 3.7 Goeie nuus vir gepsigologiseerde mense in ‘n gepsigologiseerde wêreld.

‘n Volwasse, beginsel-konsekwente, liefdevolle en effektiewe Bybelse berading is ‘n kragtige evangelistiese en apologetiese ingreep in ‘n post-moderne wêreld.

## 4. BERADING KONINKRYK-BEGINSELS

Om die mens te verstaan moet ons bly vra wie of wat beheer die mens se hart? Wat is die funksionele (in teenstelling met dogmatiese) geloof in die mens se hart? Daar is die gedurige spanning tussen geloof in **afgode (valse gode) en die bepalende geloof in die ware God.**

**Wie is K/koning van die hart?**

Kom ons kyk na die verskillende aspekte van die mens se lewe. Wie is in beheer?

- **Koningskap van die mens se hart (denke):** Die reguit en nou pad volgens die wil van die Gees, loop in gelid met die Gees, beheer en gedryf deur die Gees, **versus** die onbeheerbare veelvuldige afgodiese begeertes van die vlees / die self – die spesifieke afgode wat dikwels temas vorm in ‘n persoon se lewe soos onder andere vrees vir mense (aanvaarding / verwerping) of mag en beheer.

- **Koningskap van sosiale invloede:** Sosiale vorming deur die liggaam van Christus (mede gelowiges, musiek, literatuur en nie die van kerkstrukture nie) **versus** vaslegging van modelle en waardes van die wêreld (van verskillende mikro-koningkryke naamlik individuele huwelik, gesins- en familiesisteme tot progressiewe groter koninkryke van vriendskapverhoudings, woongebiede, skool, religieuse en werkplek kulture, ras en sosio-ekonomiese klas en nasionaliteit). Die verwagtings en druk van hierdie sisteme of koninkryke.


© ASSOSIASIE VIR BYBELSE BERADING EN OPLEIDING

- **Koningskap van somatiese (liggaamlike) invloede:** Leef biddend eerlik deur liggaamlike pyn en frustrasies terwyl behandeling gelowig gebruik word. Leef met liggaamlike pyn en frustrasies in die hoop van die opstanding (nuwe liggaam)
  **versus** pre-okkupasie en onmiddelike oplossing van my liggaamlike pyn en plesier, ontberings en begeertes.

- **Koningskap van bewuste keuses:** Bewuste geloof in God se beloftes (soos in Sy woord) en gehoorsaamheid aan God se wil
  **versus** glo en kies volgens my spontane wil, begeertes en opinies: "…daar is 'n pad wat reg lyk vir die mens…"

- **Koningskap van ervaarde voorsiening:** om in God bly te wees te midde van seëninge en berou en vertroue in God te midde van lyding
  **versus** groeiende hoogmoed en selftevrede wanneer dinge volgens ons begeerte verloop en depressief, kwaad wanneer lewe pynlik, frustrerend en onseker word.

Daar is twee tendense onder mense wat ander wil help (hetsy ouers, vriende of mense wat in die helpende professies staan) naamlik **psigologisering of moralisering**.

## 5 TENDENSE

### 5.1 Psigologisering

Hierdie begeleiers het gewoonlik 'n diep belangstelling in dit wat die probleemgedrag veroorsaak. Hulle is geïnteresseerd in interne oorsake van menslike gedrag.

**Maar** die hart of interne oorsake word gewoonlik gesien as "behoefte" kategorieë (behoefte aan aanvaarding, erkenning ens.) wat die Bybelse kategorieë van afgodediens, begeertes, vrees vir mense ens vervang. Situasie of omgewingsaspekte soos 'n geskiedenis van misbruik, swak rolmodelle en disfunksionele gesinspatrone ontvang 'n groter bepalende situasie as wat die Bybel aan hierdie aspekte gee. Byvoorbeeld: "Jy voel verwerp en tree so verkeerd op, want jou vrou of man of ouers het nie jou behoefte vir aanvaarding vervul nie. Die terapie of begeleiding word op hierdie diagnose gebou: "Ek aanvaar jou en God aanvaar jou ook. Jou behoeftes kan nou vervul word en jou emosies en gedrag begin verander." Jou verantwoordelikheid vir jou gedrag word vaag.


© ASSOSIASIE VIR BYBELSE BERADING EN OPLEIDING

Die proses van verandering word eerder om jou behoefte vir aanvaarding te vervul as bewuste bekering en verandering van denke om soos Christus te word.

**Wat gebeur met die Evangelie wanneer die afgode-temas in ‘n persoon se lewe nie verstaan word nie?**

**“God het jou lief”** word ‘n instrument om ‘n persoon, wat ‘n mislukking in sy eie oë en in ander se oë voel, se behoefte vir self-waarde te vervul. Die Evangelie kom oor as: “God aanvaar jou soos jy is, God het jou onvoorwaardelik lief.’

Die Evangelie word net ‘n demonstrasie dat God my liefhet. Dit verloor dan die krag as die plaasvervangende offer van die volmaakte Lam, wat my uitnooi tot berou en belydenis van sonde en ‘n nuwe lewe.

Die Evangelieboodskap is egter beter as onvoorwaardelike liefde. Die Evangelieboodskap is: “God aanvaar jou soos Christus is. God het **kontra-voorwaardelike liefde** vir jou.” Christus het die vloek in jou plek gedra. Christus is ten volle aanvaarbaar vir die Vader en gee aan jou sy volmaakte lewe.

Christus het alle mag ontvang en maak jou die Vader se kind en kom naby jou om te verander wat onaanvaarbaar vir die Vader is. God aanvaar my nooit soos ek is nie. Hy aanvaar my soos ek in Christus is. Die ware Evangelie laat nooit toe dat God se liefde ingesuig word deur die krag van my siel se smagting na aanvaarding en selfwaarde. Die Evangelie wys ‘n persoon eerder weg van homself om in geloof buitentoe – na God te kyk!

### 5.2 Moralisering

Waar daar ‘n neiging tot moralisme is word Christus se vergifnis net toegepas op gedragsondes (lieg, steel, hoereer, ens). Die psigologiseerders is ten minste geïnteresseerd in die hart, motiewe.

**Moralistiese Christelikheid** is gewoonlik nie baie geïnteresseerd in lyding as gevolg van eksterne omstandighede nie. Hulle vrees dit sal lei tot blamering van ander. Die mens se verantwoordelikheid is baie belangrik vir die moralis. Hulle verstaan egter nie dat lyding wat op my pad kom, nodig is vir my om Christus nog dieper en beter te kan ken nie. Dikwels is lyding juis die konteks waarbinne ek die liefde van God ervaar, sy liefde wat ons ook laat verander en groei – soos die Psalms illustreer. Dit is juis in sulke situasies waar ek God se beloftes en krag leer ken. Dit is juis in sulke omstandighede waar ek leer om by God, in plaas van afgode, skuiling te soek.
**Moraliseerders verstaan die innerlike motivering in mense baie swak. Hulle sal die “SELF” – probleem of die VLEES- probleem** erken, maar dit is gewoonlik reg of weg. Die “first-blessing” (om Jesus aan te neem) of “second-blessing” (die doop


© ASSOSIASIE VIR BYBELSE BERADING EN OPLEIDING

in die Gees) maak gewoonlik die huis skoon. Die geduldige proses van innerlike vernuwing wat ons elkeen nodig het, word geïgnoreer of totaal onderwaardeer. Jesus sê immers aan ons om ons kruis daagliks op te neem, die afgode af te sterf en te leer om in "fellowship" met Hom te lewe. "Die Here is my Herder, ek sal niks kortkom nie" – is die absolute noodsaaklikheid vir gehoorsaamheid aan God.

Beide die **psigologiseerders en moraliseerders** het nie 'n deeglike greep op die Evangelie nie. Mense is van nature afgode-makers, afgode-kopers en afgode-verkopers. Ons beweeg daagliks deur die stad vol afgode-makers, - kopers, en –verkopers. Daagliks koop, verkoop, verdoem, stem saam, intimideer, manipuleer, leen, forseer, val aan of vlug ons.

**ABBO**


© ASSOSIASIE VIR BYBELSE BERADING EN OPLEIDING